# DIE SKIETLOOD

179ste Uitgawe 19 Junie 2020

saam met Koersvas 179


## Die Dordtse Leerreëls

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**

**Artikel 6 - God se ewige besluit**.

Teks: *Dat God aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie, volg uit sy ewige besluit. Immers: Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend, en Hy doen alles volgens die raad van sy wil. Volgens hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik - hoe verhard hierdie harte ook al mag wees - en buig hulle om tot geloof. Hulle wat egter nie uitverkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle boosheid en verharding bly. Hierin veral kom vir ons tot openbaring die diepe, barmhartige en tegelyk regverdige onderskeiding tussen die mense wat almal ewe verlore is. Dit is die besluit van die uitverkiesing en verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is. Verkeerde, onreine en onstandvastige mense verdraai hierdie leer tot hulle eie verderf, maar aan die heiliges en Godvresende gee dit 'n onuitspreeklike troos.*

Verklarende kommentaar:

Uitverkiesing is 'n vreemde konsep in die 21ste eeu. Ons lewe sterk met die gedagtes van keuse, verantwoordelikheid en vryheid. Ons gedagte van verkiesing is iets wat by die politieke sisteem sy wortels het. Dit is nie so 'n vreemde konsep in die Bybel nie. Ons lees wel in die Bybel van mense wat God se goedkeuring weggedra het, mense soos Henog en Noag. Die sterker vertellings vertel van verkiesing. God het Abram geroep (verkies) om die nuwe volk te word deur wie die beloofde Messias (Genesis 3:15) sou kom. God het Jakob gekies as die een uit wie se nageslag die Messias sou kom. Ons kan gaan spekuleer oor al die redes (ons lees sommige van hulle raak in duie Skrif) vir God se keuses. Dit is 'n dwase weg om te volg. God se weë is vir ons duister, God is God en wie is ons om by Hom redes op te eis vir Sy keuses? Die antwoorde op die misterie van verkiesing moet vanuit verskillende perspektiewe aangebied word. Daar is soveel perspektiewe, soveel dimensies wat ter sprake kom dat ons maklik oorweldig kan word. Ons sal na die werklikheidsverstaan moet vra waarbinne die gedagtes verwoord is. Ons werklikheidsverstaan roep ons tot eietydse interpretasie waarin dieselfde boodskap verstaanbaar verwoord word. Ons moet tevrede wees met die antwoorde soos ons hulle terugvind in die Bybel; al kan ons hulle vandag anders formuleer. God is goed en wat God doen, is reg. Dit is die beginpunt vir enige gesprek, veral aangaande verkiesing.

Die eerste punt wat gemaak word in die leerreëls, is dat die verkiesing van sekere mense deur God se ewige dekreet plaasvind. Hierdie stelling moet nou eers ondersoek word teen die agtergrond van verskillende begrippe/ interpretasies van tyd, ruimte en werklikheid. Van die staanspoor die fokus: God se besluit tot redding van

mense, is onafhanklik gemaak van enige tydlyn, enige proses of enige gebeurtenis wat met hierdie tydlyn te make het. Nog anders gestel; niks wat hier gebeur of kan gebeur, kan 'n impak op God en God se besluite maak nie. Die Skrif leer ons dat die Here se ingrepe volgens plan en doel geskied. God hou ons nie dop en reageer dan daarop nie. God se denke en besluite is nie uitgelewer aan die veranderlikheid van ons bestaan nie. Die keuses wat God maak, is na aanleiding van Sy wil en raadsbesluite, nie op grond van enige faktor of veranderlike wat deur die mens bepaal word nie. God se optrede word nie beïnvloed deur die mens se keuses en optredes in die uitleef van vrye wil nie.

Ons is tyd- en ruimte gebonde, God nie. Tog het God besluit om in tyd en ruimte in te gryp, en eindelik in te tree, in die uitvoer van Sy wil en raadsplan. Daar was al verwys na verskillende verstane van tyd, waarvan liniêre tydverstaan een is. Binne 'n liniêre tydverstaan sou ons praat van God se ewige raadsplan en daarmee dan die tydslyn trek na voor die skepping. 'n Verruimde (verruimtelikte) verstaan van tyd sal stel dat God se besluite geneem is buite en afsonderlik van die werklikheid van tyd-ruimte wat ons nou ervaar.

Ons verstaan nie die dinamika tussen God en tyd nie, God het immers tyd-ruimte geskep. God se uitverkiesing beteken dat, volgens Dordt, die besluite van God nie deur iets wat hier gebeur (het), af forseer is (word) nie. God het in vrye wil besluit en gekies en verkies. Die mens het nie die eerste tree geneem nie. Dit is belangrik om te verstaan dat ons nie alle sake in een asem mag noem nie. Ons kan binne ander kontekste praat oor God se almag of onveranderlikheid. 'n Verkeerde verstaan van die verkiesing - as dat God sou wag vir die mens se eerste tree omdat God aan menslike keuse uitgelewer is - sal direk impakteer op genoemde leerstukke.

Die manier waarop die mense tot geloof kom, word op 'n vae manier aangespreek.

Diegene wat tot geloof kom, doen so omdat God hulle harte versag en hulle harte daartoe neig om te glo. Dit doen God deur die verkondiging van die Evangelie, dit wil sê Jesus as die gekruisigde en opgestane Heer. Hierdie verkondiging maak dat, deur die werking van die Heilige Gees, ongelowige klipharte verander na harte van vlees wat die waarheid glo. God se doel, en die meganisme om hierdie doel te bereik, is aan mekaar verbind..

Die vraag wat gestel moet word, is: "Wat gebeur met die mense wat nie uitverkies is nie?" Die kort antwoord is dat niks met hulle gebeur nie. Wat beteken hierdie "niks"? Dit impliseer dat mense in die sonde en ellende bly; onder die oordeel van God bly staan. Dit is uit eie wil dat die mens gekies het om self god te wees. Die sonde loop daartoe dat die mens onder die oordeel van God staan en vir die verdoemenis bestem is. Die mens wat nie deur die blye boodskap van verlossing in Christus geraak word nie, bly vasgevang in die doodsbestaan. Dit is elkeen se eie skuld, nie God se skuld nie.

Die verkiesing van gelowiges geskied in sy diepste wese op grond van iets wat in God gebeur. God se denke, God se wese, is vir ons onbegryplik groot. Ons kan met ander woorde nie tot die kern

van God se denke deurdring nie. God vertrou deur Sy openbaring sekere kennis, sekere aspekte van Sy denke, aan ons toe. Ons kan daardie openbaring sistematies orden en in diepte navors, maar van God se denke gaan ons nooit meer weet as dit wat aan ons openbaar is nie. Net soos daar van die Wet gepraat word, kan daar oor die res van die openbaring gepraat word. Ons lees iets daarvan raak in Deuteronomium 29:29 "*Wat nie geopenbaar is nie, is bekend aan die Here ons God, maar wat geopenbaar is, is vir altyd bekend aan ons en ons nageslag: ons moet lewe volgens al die woorde van hierdie wet*". Die rede vir die uitverkiesing is in God se denke opgesluit en is nie vir ons in hierdie bedeling toeganklik nie. God se redding van gelowiges is in Sy versluierde rede gegrondves. Net God weet waarom daar mense is - midde in die gesamentlike totale verlore wees - wat die logiese gevolg (verdoemenis) vryspring.

Mense wat kwaadwillig is, verdraai God se genade en beklemtoon die feit dat alle mense gelyk is én spring in hulle redenasie van hierdie gelykheid na die bewering dat God onregverdig optree. Behalwe vir die feit dat alles aan God behoort, dat dit God se skepping is, verplaas hierdie argument die fokus weer na die mens. Dit kan nie genoeg male herhaal word nie. Die mense wat gered word, vertel van God se onverklaarbare genade. Ons is inderdaad almal gelyk, en almal verdien die verdoemenis. Dit lê in God se genade om sekere mense te begenadig. Op hierdie punt is dit gerade om net weer die onderskeid tussen verkiesing en verkondiging te beklemtoon. God gebruik die verkondiging van die Evangelie om mense se harte te versag en vatbaar te maak vir die redding wat in die verkondiging opgesluit lê. Evangelie verkondiging kan met ander woorde nooit die uitverkiesingsleer verkondig nie, dit verkondig Christus as Here. Die gevolg van die verkondiging, is geloof.

By geloof word die uitverkiesing 'n stuk troos vir elke mens wat tot geloof gekom het. Dit verseker elke gelowige dat ons in die getroue, liefdevolle hand van God bestaan en dat Hy ons styf vashou. Dit verseker ons dat ons nie iets hoef te doen (of kan doen) om gered te word nie, dit is 'n onverstaanbare gawe van God. Eindelik kom dit daarop neer dat hierdie leerstuk vertroosting aan gelowiges bring. Ongelowiges kan nie deelneem aan die gesprek oor hierdie leerstuk nie omdat dit primêr op emosionele vlak as troos aan mense wat glo, gebring word.

Uit hierdie gedeelte is dit duidelik dat die leerstuk geen fatalisme verkondig nie. Die gaan nie hier oor 'n vorm van Deïsme waar God alles vooraf bepaal het en die skepping nou soos 'n wekker afloop nie. Predestinasie dui op God se handeling teenoor enige aanspraak op menslike prestasie. Die fokus is op die Goddelike inisiatief en die menslike troos. Dit is God wat red, nie die mens nie. Dit is God se genade wat die mens red, nie een of ander verdienste of prestasie van die mens nie. Hierdie feit troos die mens in sy sukkel-bestaan.

Die verwarring aangaande die aard van die predestinasieleer kan in hierdie voorbeeld uit die WAT aangedui word: *Opvatting dat alle gebeure deur die noodlot of ander bonatuurlike magte voorbeskik word, of toestand of feitelike*

*gegewe wat deur omstandighede of voorafgaande gebeure onafwendbaar gemaak word*: **en** L*eer of opvatting dat God of 'n goddelike mag alle gebeure volgens 'n onveranderlike plan voorbeskik; sin. predestinasie: Wat die determinisme betref, sou jy dus sê dat hoewel die predestinasieleer van die Calvinisme totaal anders gewortel is, daar tog bepaalde ooreenkomste is (E. Botha in TL, Febr. 1975, 32). Die ... novelle ... het 'n filosofiese inslag, ... iets van die predestinasieleer: In hoeverre is die mens vry om binne die raamwerk van Gods wilsbesluit nog sy eie lewe volgens eie begeerte te rig.*

En tog stel dieselfde publikasie, net om die verwarring in die gemeenskap aan te dui die volgende; "V*olgens die predestinasieleer is dit God wat na vrye goeddunke uitverkies*". Laasgenoemde verwysing is nader aan die gedagte wat in die Dordtse leerreëls verwoord word. God se goeddunke staan teenoor die mens as swakke sondaar, maar is tegelyk ook genadig teenoor die sondaar mens. Die uitverkiesing moet nie reduseer word tot 'n leerstuk oor God en tyd nie. Die komplekse verhouding tussen God en tyd kan nie simplisties aangedui word nie. God het immers tyd geskep.

Volgende uitgawe Artikel 7 en volgende Artikels.